

Die Sabbat (2)

Die Sabbat (2) – Coen Slabber

In die vorige artikel het ons na 'n kort oorsig oor die Sabbat in die Ou Testament gekyk. Ons kyk nou na die Nuwe Testament.

I. Die Sabbat in die Nuwe Testament

Toe die Sabbatdag aanbreek, het Jesus reguit na die sinagoge toe gegaan en die mense daar begin leer (Markus 1:21). Jesus het gereeld die sinagoge op die Sabbatdag besoek en mense daar geleer. Hoekom het Jesus en die godsdiensteleiers dan gereeld oor die Sabbatdag gebots? Hoekom het die godsdiensteleiers Hom as 'n verbreker van die Sabbat beskou?

Jesus het die Sabbat as 'n dag van aanbidding aanvaar. Sy probleem was egter die groot aantal mensgemaakte reëls, wat die hele doel van die Sabbat verander het – in plaas van 'n dag van aanbidding en vreugde word dit 'n kruis. Die Misjna is die mondelinge oorlewering van die wet wat neergeskryf is. Hierin word baie aandag aan die Sabbatdag gegee – die hoofdoel is eintlik om werk te definieer. Hierin kry ons reëls en voorskrifte wat ons nie in die Skrif kry nie. Nege en dertig aktiwiteite word in die traktaat *Shabbat* verbied.

Een van die vroeë konfrontasies wat Jesus met die Fariseërs gehad het, was toe sy dissipels afdiegepluk het – dit is werk, want hulle oes. Jesus herinner hulle aan wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne honger was – Dawid het van die offerbrood in die huis van die Here geëet. Dit was iets wat net die priesters mag geëet het. Dan maak Hy hierdie belangrike stelling: *Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook oor die Sabbatdag (Markus 2:23 – 28).*

Sekerlik een van die grootste probleme was genesing op die Sabbatdag. Die Ou Testament verbied nie genesing op die Sabbatdag nie, maar die godsdiensteleiers het geglo dat genesing werk is, behalwe as dit gedoen word om 'n lewe te red. So genees Jesus die man wat van 'n onrein gees besete was (Markus 1:22), Petrus se skoonmoeder (Markus 1:29), die man met die gebrekklike hand (Markus 3), 'n gebrekklike vrou (Lukas 13), die man wat aan water gely het (Lukas 14) en die man by Betesda (Johannes 5) – almal op die Sabbatdag. Jesus se verweer is: *My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook* (Johannes 5:17).

Jesus wys die godsdiensteleiers op die teenstrydighede in hulle siening. Kinders kon op die Sabbatdag besny word, maar Hy kan nie iemand se liggaam gesond maak nie (Johannes 7:21 – 24); hulle mag 'n bees of donkie van die krip losmaak en hom weglei om te suip (Lukas 13:10 – 17). Jesus vra hulle: *Mag 'n mens op die Sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak? Hulle het egter niks gesê nie* (Markus 3:4).

Ons het reeds gesien dat Jesus mense op die Sabbatdag in die sinagoge onderrig het. Hy doen dit ook in Nasaret – die dorp waar Hy grootgeword het. Ons lees: *Die mense wou niks van Hom weet nie* (Markus 6). Hy voeg by dat 'n profeet nie erken word in die plek waar hy grootgeword het nie.

In Jesus se profetiese rede praat Hy oor die groot verdrukking. Hy sê onder andere: *Bid dat julle nie in die winter of op 'n Sabbatdag hoef te vlug nie* (Matteus 24:20). Sabbatariërs (Sewendedagadventiste) glo dat Jesus met hierdie teks verwag dat mense na sy dood steeds die sabbat sal onderhou.

Paulus het ook gereeld op die Sabbatdag in die sinagoge gepreek – soos dit sy gewoonte was (Handelinge 13:14; 16:13; 17:2; 18:4). Hier bestaan sy gehoor gewoonlik uit Jode en nie-

Jode. Paulus sê dat niemand aan ander mag voorskrywe oor hoe die Sabbatdag gevier moet word nie: *Dit is alles maar net 'n skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus* (Kolossense 2:16-17).

Laastens in die Hebreërboek word verwys na die belofte van rus vir diegene wat glo: *Daar wag dus nog steeds 'n Sabbatsrus vir die volk van God* (Hebreërs 4:9).

In Romeine 14 sê Paulus: *Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting. Die een wat 'n bepaalde dag op 'n besondere wyse hou, doen dit tot eer van die Here ... Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liever voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val bring nie.* Hy is ook ontsteld dat die Galasiërs terugval in daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls (vers 4 – 11).

Jesus het nie 'n rusdag vir God afgekeur nie. Wat hy wel afgekeur het, is al die menslike reëls en regulasies wat van die rusdag 'n pynlike ervaring gemaak het. Ons kan saam met die psalmdigter sy Sabbatslied (Psalm 92) sing:

*Dit is goed om die Here te loof, om u Naam te besing,
Allerhoogste,*

Om elke môre van u liefde te getuig, en elke aand van u trou.

In die volgende artikel gaan ons kyk na 'n tipiese Joodse Sabbatdag.

Skrywer: [Dr Coen Slabber](#)

Die Sabbat (1)

Die Sabbat (1) – Coen Slabber

Die Sabbat (ook Shabbat of Shabbas) is die rusdag. In die Bybel is dit 'n dag van rus en 'n tyd vir aanbidding. Dit is die sewende dag van die week en strek van Vrydag sonder tot Saterdag sonder – eintlik totdat daar drie sterre in die lug is. Gedurende hierdie tyd staak Jode alle gewone werksaamhede. Daar is 'n verskil in die benadering tot die Sabbat in die Ou en Nuwe Testament.

I. Die Sabbat in die Ou Testament

In Genesis 2:2 – 3 lees ons: *Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het. Elke dag word dan gedefinieer: Dit het aand geword en dit het môre geword. Hier sien ons 'n duidelike verband tussen die Sabbat en die skepping.*

In Eksodus 16:22 – 30 gee Moses aan die Israëliete opdrag om op die sesde dag 'n dubbele porsie manna op te tel en die helfte te bewaar vir die volgende dag, want op die sewende dag sou daar geen manna wees nie. Die volk het op die sewende dag gerus.

In Eksodus 20:8 – 11 lees ons die vierde van die tien gebooie: *Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die Sabbat van*

die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as 'n gereelde rusdag geheilig.

Hierdie gebod geld vir almal, insluitend vreemdelinge en diere – God het hulle immers ook gemaak. In Eksodus 31:12 – 18 word die sabbat as 'n teken beskryf *tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het*. Mense wat die sabbat ontheilig moet doodgemaak word en diegene wat op die sabbat werk, moet van die volk afgesny word. Dat die die tien gebooie baie belangrik is, is duidelik: die twee kliptafels moet in die verbondsark geplaas word en God het dit self met sy vinger op die tafels geskryf (Eksodus31:18).

Die jaarlikse versoendag (*Yom Kippur*), die heiligste dag in die Joodse jaar, word ook as 'n Sabbat beskou. In Levitikus 19 word baie van die tien gebooie herhaal, insluitend dié wat oor die sabbat gaan. In Levitikus 23:3 word die volk beveel om op die sabbat 'n gewyde byeenkoms te hou. Die offerbrood moet ook elke Sabbat vervang word (Levitikus 24:8).

In Levitikus 25 lees ons van die sabbatsjaar en die hersteljaar. Elke sewende jaar moet die hele land 'n rustyd hê – 'n Sabbatsjaar tot eer van die Here. Die vyftigste landbouseisoen moet ook aan die Here gewy word – die hersteljaar. Dan moet alle skuld afgeskryf word, grond moet aan die families teruggegee word en Joodse slawe moet vrygestel word. Hierdie was 'n groot toets vir die volk se gehoorsaamheid aan God en hulle gewilligheid om Hom te vertrou vir hulle lewensonderhoud. Dit is interessant dat beide Alexander die Grote en die Romeine die Jode tydens die Sabbatjaar van belasting vrygestel het.

Die erns van die Sabbat word beklemtoon in die verhaal van die man wat op die Sabbat hout bymekaargemaak het. Die Here beveel dat Hy buite die kamp met klippe doodgegooi moet word (Numeri 15:32 – 36).

In Deuteronomium 5 lees ons weer die tien gebooie, maar hier lees ons 'n ander rede vir die onderhouding van die Sabbat: *Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het.* Hier gaan dit spesifiek oor Israel. Die Sabbat wys dus na:

- God se goedheid vir alle mense as hulle Skepper; en
- God se genade vir sy uitverkore volk as hulle Redder.

Die Ou Testament brei ook uit oor wat op die Sabbat gedoen mag word:

- Die boer moet rus op die Sabbat – of dit nou ploegtyd of oestyd is (Eksodus 34:21).
- Die huisvrou mag geen vuur in haar woning maak nie – sy kan nie kook of bak nie (Eksodus 35:3).
- Die handelaar mag geen goed deur die poorte van Jerusalem dra nie (Jeremia 17:27).

Die gevaar is dat die Sabbat deur mense as 'n dag van vrees beskou kan word – hulle is bang hulle word gestraf. Die Sabbat is 'n seën en nie 'n vloek nie. Die Sabbat is 'n dag om oor God se grootheid te juig – 'n dag van vreugde (Psalm 92). Die onderhouding van die Sabbat was ook een van die tekens van getroue Jode se identiteit as hulle hulle in 'n vreemde land (soos tydens die ballingskap) bevind het.

Die Sabbat het 'n belangrike rol in die Ou Testament gespeel. Het die koms van Jesus dit enigsins verander? In die volgende artikel gaan ons na die Sabbat in die Nuwe Testament kyk.

Skrywer: [Dr Coen Slabber](#)

Geleofsrae: Sabbat en Sondag

Geleofsrae: Sabbat en Sondag – Adrio König

Sabbat en Sondag

Die viering van Sondag is vir eeue lank al 'n saak waaroor groepe Christene sterk verskil. Daar is die een uiterste van Christene wat op Sondag sal kerk toe gaan maar verder sal doen wat hulle wil, en dan die ander uiterste van Christene wat dink Sondag is 'n Sabbat, en dan soveel as moontlik van die OT se Sabbatswette op die Sondag wil toepas.

Daar is by baie Christene die misverstand dat die Sabbat net in die NT van Saterdag na Sondag verskuif het. Die Sabbat en die Sondag is twee dae met heeltemal verskillende karakter. Die Sabbat is 'n rusdag, 'n dag van niks doen nie; die Sondag is 'n feesdag, 'n dag van aktiewe toewyding.

Ons het nie in die NT enige spesifieke aanduidelings van hoe die Sondag gevier moet word nie. Ons het die voorbeeld van sekere gemeentes wat gereelde byeenkomste gehad het, en ook bepaalde dinge gedoen het (Hand 20:7ev; 1Kor 16:1ev; Open 1:10). Wat ons van hulle Sondagviering weet, het direk in verband gestaan met die opstanding van die Here Jesus (Joh 20:1ev, 19ev, 26ev) en die feit dat hulle die opstanding

verstaan het as beslissend vir hulle verlossing (1Kor 15). Hulle het egter sover ons weet, geen van die wette of gebruike van die Sabbat op die Sondag toegepas nie. Trouens ons weet dat sekere Joodse Christene tot in die derde eeu nog sowel die Sabbat as die Sondag gehou het, die een as 'n rusdag, en die ander as 'n feesdag. Daar is nooit in die NT sprake van rus op die Sondag nie. Trouens die base van slawe sou hulle ook nie toegelaat het om nie te werk nie, en ons weet uit ander bronne dat Christene Sondae voor sonop bymekaar gekom het, waarskynlik om dan die res van die dag met hul gewone (slawe-)werk te kan aangaan.

As ons vra na die betekenis van die vierde gebod vir Christene, moet ons dus nie aan die Sondag dink nie, maar eerder aan die hele week. Die rus van die Sabbat word in die NT die rus van ons sonde, en daarvoor is Sondae te min! (Heb 4:9ev) Die vraag of ons die vierde gebod hou, word dus Maandag en Dinsdag beantwoord.

Dit het besondere voordele om 'n spesiale dag te hê waarop ons kan feesvier. Maar dit moet nie beteken dat ons ons godsdienstebeoefening en -uitlewing tot dié dag beperk nie, net dat ons op dié dag besondere voorbereiding en inspirasie kry om die hele week die evangelie te leef en met ander te deel. Dan hou ons die vierde gebod.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Die Groot Geloofswoordeboek: Sondag; Sabbat

Die Groot Geloofswoordeboek: Sondag; Sabbat

Sondag • Eerste dag van die week • Sabbat

'n Misverstand

Die bekende misverstand is dat die Sabbat van die Ou Testament oorgegaan het na die Sondag van die Nuwe Testament. Alles sou net dieselfde gebly het, al die bepalings oor die Sabbat wat ons in die Ou Testament kry, sou nog van krag wees, maar dit sou alles net oorgeskuif het na die eerste dag van die week, Sondag.

Vir eeue lank het baie Christene nog probeer om die Sabbatswette van die Ou Testament op Sondag te onderhou. Hulle het Saterdag kos maak wat Sondag geëet is, hulle het nie op Sondag gekoop nie, nie (onnodig) gery nie, geen sport beoefen of koerante gelees nie, nie gewem as hulle by die see vakansie hou nie, en nog duisend ander dinge.

Dit het hulle taamlik weerloos maak teen die Sabbatariërs, die Sewendedagadventiste, wat gevra het waar hulle dié verandering in die Nuwe Testament gekry het. Volgens hierdie Adventiste het hierdie Christene presies reg opgetree, maar hulle moes net teruggegaan het na die regte dag, Saterdag. Die *sewende* dag is die Sabbat.

Terloops, dit word vandag al moeiliker om nog te besef dat Son-

dag die eerste dag is omdat dit al hoe meer as die laaste dag van die week op kalenders gedruk word, natuurlik om die twee dae van die naweek, Saterdag en Sondag, bymekaar te kry.

In die Nuwe Testament is daar nie 'n aanduiding dat die dag moet verskuif sodat ons die Sabbat op 'n ander dag as die sewende dag moet hou nie. Wat wel gebeur, is dat die Sabbat en die Sabbatsgebod heeltemal verdwyn uit die lewe van die vroeë Christene.

Voor die opstanding van Jesus is die onderhouding van die Sabbat nog in volle swang, in sy eie lewe én in dié van sy volgelinge. Sy verskille met die godsdienstige leiers gaan nie oor die feit van die Sabbat nie, maar oor die wyse waarop dit onderhou moet word. Maar ná sy opstanding verander die situasie drasties sodat daar nooit weer 'n verwysing is na die onderhouding van die Sabbat deur Christene of na die gebod om dit te doen nie.

Die vierde gebod verdwyn

Dis interessant om dit na te gaan in die briewe van Paulus. Terwyl hy dikwels na die Tien Geboeie verwys, kom die vierde gebod, die een oor die Sabbat, eenvoudig nooit voor nie. Teen die einde van

sy briewe volg gewoonlik 'n lang lys vermanings wat juis op die Tien Geboeie gebaseer is. 'n Goeie voorbeeld is Efesiërs 4-5. Agtereenvolgens is daar vermanings gebaseer op die volgende geboeie:

- Die negende: 4:25
- Die agste: 4:28
- Die derde: 4:29 (Gereformeerde Christene deel alle vloektaal onder hierdie gebod in)
- Die sesde: 4:31

- Die sewende: 5:3, 5
- Die eerste: 5:3, 5

Daar is meer sulke voorbeelde. Maar die opvallende feit is dat die vierde gebod nooit in een van hierdie lyste, of in enige ander verband ná die opstanding van Jesus in die Nuwe Testament voorkom nie. Wat dit nog meer opvallend maak, is die feit dat dit vir die slawe-Christene in Paulus se sendinggemeentes 'n groot probleem sou gewees het om nie op die Sabbat te werk nie omdat hulle heidense eienaars geen waarde aan dié dag geheg het nie. Dink maar net aan die gemeente in Korinte waar die meeste lidmate slawe was (1 Kor 1:26-28; 11:20-21). Dit is ondenkbaar dat hulle nie gewetensprobleme sou ontwikkel het as hulle nog die Sabbatswette moes hou en daarom op die Sabbat geen werk doen nie terwyl hul eienaars dit as 'n gewone werksdag beskou het. Die vraag word nog dringender as ons onthou dat die kwessie of heidene nog die wet moes onderhou 'n sentrale probleem was waaroor die eerste kerkvergadering in Jerusalem 'n besluit moes neem. Maar ook hier word nie eens na die Sabbat verwys nie (Hand 15).

'n Mens kan moeilik tot 'n ander gevolgtrekking kom as dat die onderhouding van die Sabbat in die Nuwe Testament 'n sagte dood gesterf het onder die heiden-Christene.

Wat doen Paulus op die Sabbat?

Natuurlik aanvaar die Sabbatariërs dit nie. Hulle wys met nadruk op die feit dat Paulus oor en oor juis op die Sabbat "kerkhou" in Handeling. En op sigself is dit heeltemal korrek. In omtrent elke stad wat hy besoek het, het hy op die Sabbat na die sinagoge gegaan (13:14, 42; 16:13; 17:1-2; 18:4). Maar die vraag is: Om wat te doen?

Onthou dat Paulus op *sending*reise was. Onthou verder dat sy beleid was: "In die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood" (Rom 1:16). Paulus begin dus in elke stad by die Jode. Daarom gaan hy op die Sabbat sinagoge toe om die Jode te oortuig dat Jesus die Messias is. Hy preek nie vir hulle soos ons "preek" verstaan nie. Hy het "uit die Skrif met die Jode geredeneer en daaruit aangetoon dat die Christus moes ly, en uit die dood moes opstaan. 'Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig,' het hy gesê, 'Hy is die Christus (Messias)'" (Hand 17:2-3).

Paulus gaan op die Sabbat sinagoge toe omdat hy elke keer by die Jode begin en hulle net op die Sabbat in die sinagoge sou kry, nie omdat hy self juis op die Sabbat daar wou gaan aanbid nie. Daarom is daar in Handelingte geen melding van Christene wat op die Sabbat bymekaarkom nie. Die enigste verwysing na 'n spesifieke dag is Handelingte 20:7 waar "Sondag" die vertaling is van die Grieks "die eerste dag van die week". Die Christene het Sondag bymekaargekom.

Dit lyk dus of die Sabbat uit die lewe van die heiden-Christene verdwyn het, al kan 'n mens aanneem dat die Joodse Christene aanvanklik nog daarmee voortgegaan het, net soos met die besnydenis (Hand 21:20-21). Ons weet ook uit ander bronne dat sekere gemeentes nog vir 'n paar eeue lank sowel die Sabbat (op Saterdag) as die Sondag onderhou het. Dit kan beteken dat hulle deeglik daarvan bewus was dat dit twee verskillende dae was. Dit is inderdaad ook volkome sinvol om iewers in die week werklik 'n breek te maak. Baie Christene doen dit nog altyd op Sondag. Om een dag uit sewe te rus, was nie net in die ou tyd belangrik nie.

Hebreërs 4

Die enigste positiewe verwysing na die Sabbat is in Hebreërs 4:9-11. Hier het dit egter heeltemal 'n ander betekenis as in

die Ou Testament. Dit gaan om die intog in Kanaän. Die gedagte is dat die intog in die beloofde land vir Israel rus moes gebring het, maar: "As Josua hulle in die rus laat ingaan het, sou God nie daarná nog van 'n ander dag gepraat het nie. Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan" (8-11).

Dis nie so maklik om presies te verstaan wat hier bedoel word nie, maar skynbaar kry die Sabbatsrus hier 'n soort geestelike betekenis wat nie met 'n bepaalde dag verband hou nie, maar met 'n lewenstyl van "rus van jou werke soos God van Syne". God rus ook nie net op 'n bepaalde dag nie. Die tema van rus is al van 3:18 af onder bespreking, en daar word dit direk met die geloof verbind: "Ons wat glo, gaan wel die rus in" (4:3). Dit lyk dus of Sabbatsrus hier met ons lewe in die geloof te doen het, glad nie meer met 'n bepaalde dag nie.

Oorsprong van ons Sondagviering

Waar kom die Christene se Sondagviering dan vandaan? Dit is belangrik om van die begin af te onthou watter woorde hier gebruik word. Net in die vorige paragrafie is nog deurgaans van "rus" gepraat. En nou skielik by Sondag praat ons van "viering". Dit is 'n beslissende verskil wat nou na vore gaan kom.

Jesus het op die eerste dag van die week, Sondag, opgestaan. Daardie aand en weer die eerste Sondag daarna was die dissipels bymekaar (Joh 20:19, 26). Die Gees word ook op 'n Sondag uitgestort en daarna word Sondag (die eerste dag van die week) telkens genoem in verband met sekere dinge wat Christene doen terwyl geen ander spesifieke dag ooit genoem word nie. Die Christene vergader op Sondag, hulle moet geld opsy sit op Sondag om arm Christene te help, Johannes is op Sondag "deur die

Gees meegevoer” (Hand 20:7; 1 Kor 16:2 – wat volgens v 1 nie net vir Korinte gegeld het nie, maar vir al Paulus se gemeentes – Op 1:10). Dis opvallend dat Sondag in die laaste geval “die dag van die Here” genoem word. Hulle het hierdie dag dus op ‘n besondere manier aan die Here verbind.

Waarom? Omdat die Here op Sondag opgestaan het. Daar kan geen ander rede wees waarom hulle skielik op Sondae bymekaarkom nie en hierdie dag juis die Here se dag noem nie. Dikwels word gevra waarom nie Vrydag, die dag van die kruisiging, nie. Maar in die bespreking van die *opstanding van Jesus word dit duidelik dat die evangelie as *opstandingsevangelie* begin het en dat die heilsbetekenis van die kruis eers baie later na vore gekom het. Ons weet ook dat dit juis die opstanding is wat bevestig het dat God die offer van Jesus aangeneem het. Sondag, die opstandingsdag, was die groot verlossingsdag.

En juis daarom het die Christene dié dag *gevier* en nie *gerus* nie. Sondag is ‘n dag met heeltemal ‘n ander karakter as die Sabbat. Die Sabbat was ‘n rusdag, Sondag is ‘n feesdag. As jy feesvier, rus jy nie, jy juig.

Dit beteken dat dit onvanpas is om die Sabbatswette van rus op die feesdag toe te pas. Die feesdag het sy eie karakter: ‘n dag van feesvreugde omdat Jesus opgestaan het en ons verlos het.

Dit bring die vraag na dinge soos Sondagsport op heeltemal ‘n ander vlak. Sondagsport of watter ander aktiwiteit ook al op Sondag kan nie beoordeel word in die lig van die Sabbatsgebod nie, want Sondag is nie ‘n Sabbat nie. Die vraag is wat is in ooreenstemming met ons feesvierings as Christene. Sondag is ‘n spesiale dag, en ons gebruik dit om saam met ander Christene die fees van ons verlossing te vier. En daar is meer maniere om dit te doen as net ‘n kerkdien.

Daar word soms verwys na die naam “Sondag”: die dag van die son. Daar is ook Maandag, die dag van die maan, en Dinsdag,

wat weer aan 'n ander god gewy is. Maar dit het te doen met
waar die dae hulle name onder nie-Christene gekry het, nie met
wat Christene op dié dae doen nie. Ons wy nie meer Sondag aan
die son en Maandag aan die maan nie.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)